
# Hoofstuk 3.5

# KAMPUSONTWIKKELING 1935 – 1951



**"Die groei van die P.U.K. word op treffende wyse weerspieël deur die steeds toenemende kompleks van geboue wat nie tred kan hou met die toename van die werklike behoeftes nie … Die datums getuig daarvan hoe elke nuwe gebou 'n noodtoestand tydelik en ten dele verlig het nadat fondse daarvoor gevind is."**

**- Prof GTS Eiselen (Gedenkprogram, 14-17 Maart 1951)**

**"Dit grens aan die tragiese dat die allesbeskrywende en histories-belade naam "Landgoed Oude Molen" met die loop van jare uit die PUK woordeskat verdwyn het – uitgesonderd die prysenswaardige herdenking daarvan in die naam van die personeeltennisklub. Die PUK-owerheid behoort dit ernstig te oorweeg om die terrein in sy geheel te herdoop tot "Oude Molen Landgoed" en om dan die naam "Fanie du Toit" bloot net aan die sportkompleks te koppel."**

**- Outeursvoorstel, in *Wonderdaad … !* p 464**


## 3.5.1 Oprigting van laboratoria

Nadat die hoofgebou in 1930-31 sy staan en status gekry het, sou ernstige aandag gegee word aan die oprigting van laboratoria – 'n aspek wat teen die einde van die dekade twintig deur sowel die Van der Horst-kommissie as die Universiteit van Suid-Afrika se latere eie interne ondersoek uitgewys is as van die grootste leemtes in die opset van die PUK.

Die hoë verwagtinge en entoesiasme wat rondom die oprigting en ingebruikneming van die hoofgebou by sowel die PUK-voormanne as die minister merkbaar was, vir sover dit die uitbreiding van die bouprogram betref, het spoedig in die mistigheid van die benarde ekonomiese realiteite van die vroeë dertigerjare se depressie en ekonomiese onstabiliteit vervaag. Vir etlike jare nog sou die natuurwetenskaplike vakke die beste van 'n slegte saak in die sinkgeboue moes maak.

Teen die middel-dertigerjare was die ekonomie aan die opswaai en het die verslag van die Adamson- kommissie die PUK gemotiveer om tot aksie oor te gaan. Voortaan sou daar nie meer lenings vir geboue toegestaan word nie, maar sou die regering volgens vaste formules bydra tot die fondse wat universiteite self vir die doel kon genereer, naamlik 50% vir akademiese geboue en 33 en 1/3% vir koshuise. [1]

In September 1934 is gevolglik formeel aansoek gedoen vir die uitvoering van bouplanne wat reeds in 1928 opgestel is. Dit sou behels 'n dameskoshuis en drie laboratoriums vir Natuurkunde, Dierkunde en Plantkunde, teen 'n beraamde koste van £12 000. Die PUK het £6 000 vir die doel en kan onmiddellik begin, as die restant van die regering verkry kan word. Maar daar is groot haas want volgens die argitek styg die pryse van boumateriaal daagliks. Daar word besef dat die aansoek te laat is vir die begroting, maar toestemming word gevra om solank met eie geld te begin bou. [2]



***3.5.1***

***Tydens 'n besoek van Dietse studente aan die PUK in 1936 het 'n lid van die geselskap, De Braak, hierdie foto binne die Natuurkunde-laboratorium geneem.*** **(Zuid Afrika 11(1) Jan 1934)**







*3.5.2*

***Nuwe geboue, 1940. Van bo na onder toon die foto's die Skeikunde-, Plantkunde- en Aardrykskunde- en Aardkunde geboue.***



***3.5.3***

***Die Dier- en Plantkunde-bedrywighede het plaasgevind in 'n ou stal by die eertydse woning van president MW Pretorius.***

Die groen lig is gegee, en die bouery, wat op eie stoom en sonder gebruikmaking van 'n boukontrakteur gedoen is, kon vroeg in 1935 begin. Die dameskoshuis vir 32 studente en 'n laboratorium vir Natuurkunde (Fisika) is spoedig voltooi. Met genoegdoening kon rektor Postma rapporteer dat, met die bydraes van die regering en verskaffing van die restant uit die boufonds, die twee geboue dus afbetaal is. [3] Geen onbetaalde leningsrekening soos 'n albatros om die nek nie …

Die nuwe laboratorium het 'n goeie indruk gemaak, veral met die oog op die toenemende getal studente wat hulle later as ingenieurs wou bekwaam. In die jaarblad van die oudstudente word opgemerk: "Hier is deeglike werk verrig. Met geld en ruimte is doelmatig en ekonomies gewoeker, en die P.U.K. vergelyk, wat sy natuurkundige laboratorium en uitrusting betref, baie gunstig met ander inrigtinge van sy soort." [4]

Dit was maar 'n klein treetjie vorentoe: laboratoriums vir Dierkunde, Plantkunde, Skeikunde en Aard- en Aardrykskunde was ewe nodig, en pryk ook al vir baie jare op die bouprogram. Nie net die steeds toenemende studentetal nie, maar ook die afgeleefdheid van die ou sinkgeboue en die gevaar van brand, wat onberekenbare skade sou veroorsaak, het die behoefte aan nuwe huisvesting onderstreep. Maar Postma was vol moed en en het ondersteuners aangespoor: "Ons sal ons opmaak en bou met die troffel in die hand." [5]

Inderdaad is daar gereed gemaak, hard gewerk om fondse te in. Hoe meer eie fondse, des te gouer kan immers gebou word. Die insamelingsprogram vir die boufonds is verskerp en in 1938 het die Raad weer sy topskakelman en fondsinsamelaar, rektor Ferdinand Postma, die veld ingestuur met die hoop om £10000 byeen te bring. In Augustus 1939 het die boufonds op £11 000 gestaan, met beloftes van meer as £3 000 uitstaande. [6]

Op die PUK-kampus was dit nou 'n gewoel en gewerskaf, met vier geboue wat gelyktydig uit hulle fondamente verrys. Twee van die vier nog bestaande sinkgeboue is gesloop en verkoop, terwyl die oorblywende twee as studenteraadskantoor, studentesaal en vir verdere huisvesting van studente gebruik is. [7]

So kom dit dat, tydens die gradeplegtigheid op 25 Mei 1940, die nuwe laboratoria vir Plantkunde, Dierkunde, Aard- en Aardrykskunde en Skeikunde amptelik in gebruik geneem kon word. Van studentekant is dit geloof as "waarlik 'n indrukwekkende gebeurtenis en 'n grootse mylpaal wat bereik is. Die nuwe geboue sien daar pragtig uit". [8]

Vir rektor Postma was dit die bereiking van 'n nuwe mylpaal en die nuwe geboue sou inspireer om so deeglik en wetenskaplik moontlik navorsing te doen ter bevordering van die wetenskap en tot nut van land en volk. [9]

Prof MC Botha, sekretaris van Onderwys, het as spreker opgetree. "Die professor het gewag gemaak van die oortreffende belangrikheid van wetenskaplike

navorsing en verklaar dat geen universiteit of universiteitskollege die naam waardig is indien daar nie in een of ander rigting wetenskaplike navorsingswerk gedoen word nie … Deur die groot onderneming van die P.U.K. om homself te voorsien van sulke deeglike laboratoriums het hierdie inrigting bewys gelewer dat hy sy naam as universiteitskollege waardig is."

Prof Botha, wat kort hierna aangewys is as UP se rektor, het ook na die naam van die PUK verwys en na die opvatting oral in die land, dat 'n inrigting wat hom met Christelike hoër onderwys vereenselwig, nie terselfdertyd 'n wetenskaplike inrigting kan wees nie: "Vir spreker is dit duidelik dat, verre daarvan dat die wetenskap en christelikheid in botsing kom, dié twee onderwerpe mekaar aanvul. In laboratoriums word daar veel van die geheime van die bestaan onthul, veel groter dinge in die lewe word aan die mens bekend deur sy geloof." [10]

Wat die uiterlike voorkoms betref, was daar tog nie volkome tevredenheid nie. By die beplanning van die geboue is ruimte gelaat vir toekomstige uitbreiding. Deurdat die geboue doeltreffend en ekonomies moes wees, was daar, volgens die studenteblad, "ongelukkig 'n seker mate van argetektoriese (sic!) botsings met die bestaande dubbelverdiepinggeboue". [11]

Ook die geskiedenis van biologiese onderrig aan die PUK is by hierdie geleentheid aan die vergetelheid ontruk en wel in 'n bydrae in die oudstudenteblad *Die Veteraan*. Daarin word vertel van die tyd toe die stal van die eertydse woning van Pres MW Pretorius nog as laboratorium gedien het.

Toe die groeiende universiteitskollege nie meer dáár gehuisves kon word nie, is die militêre barakke aangekoop: "Ten spyte van die min aanloklike voorkoms van die sinkgeboue was dit tog 'n geweldige stap na vorentoe en kon [in] hierdie – in die somer broeiwarme, in die winter yskoue – Laboratorium met veel plesier en vrug gewerk word."

Die biologiese wetenskappe het snel gegroei en daarmee saam ook die personeel en uitrusting, sodat die uiteindelike oprigting van die laboratoria 'n heuglike gebeurtenis was. En tog was daar gemengde gevoelens, 'n bietjie nostalgie by die afskeid van die oue en die betrek van die nuwe: "Wat dit beteken om in behoorlike geboue gehuisves te wees, in geboue wat aan die vereistes van die moderne laboratoria voldoen, kan alleen diegene besef wat in die klein ou stal met sy rotte begin het. Afskeid is geneem van die blikgeboue, 'n afskeid gepaard met weemoed. Die nuwe laboratorium in al sy heerlikheid is nog iets vreemds, iets ongeloofliks, net die tyd sal die gevoel van tuiste wat die sinkgebou aangekleef het, bring." [12]

Die Skeikundelaboratorium het, "ter herdenking aan die opofferings van ons Rektor" en "as 'n monument tot sy gedagtenis", die naam Ferdinand Postma-Laboratorium gedra. [13]

Sielkunde het weliswaar nie sy eie gebou gekry nie, maar is "gasvrye onderdak" in die Dierkundelaboratorium verleen, wat ongetwyfeld 'n groot verbetering was op 'n aantal klaskamers in die hoofgebou. Daar was groot dankbaarheid vir die wyse waarop wel voorsiening gemaak is, maar daar is tog reikhalsend uitgesien na 'n eie gebou saam met Opvoedkunde. [14]

In 1940 verrys daar ook 'n gimnastieksaal op die kampus. Hoewel uiters elementêr, het dit darem minstens 'n eie afgebakende ruimte vir die beoefening van hierdie fisiese dissipline gebied. Gepaard met die aanstelling van twee dosente wat hul opleiding oorsee ontvang het (mej E Hartmann in Denemarke en mnr DPJ Smith in Duitsland), sou die vak Liggaamlike Opvoeding voortaan veel meer tot sy reg kon kom. [15]

Met die Tweede Wêreldoorlog intussen steeds in volle swang moes die behoefte aan uitbreiding vir sover dit geboue betref, voorlopig getemper word. 'n Bestekopname in 1942 het getoon dat 'n bedrag van ongeveer £50 000 benodig word, vir 'n administratiewe gebou waarin ook die biblioteek gehuisves kon word, twee nuwe losieshuise, nog 'n laboratorium, 'n studente klubhuis en twee woonhuise. Van die staat kon daar nie juis iets verwag word nie en is daar gevolglik alles in werking gestel om self fondse te genereer. [16]

Aan die begin van 1944 het 'n prioriteitsbepaling aangedui dat, behalwe losieshuise, die administrasie- en biblioteekgebou so gou moontlik gebou moes word. En as die studente 'n bedrag kon stort, sou ook 'n klubgebou vir hulle opgerig kon word. Hierdie projekte sou egter eers moes trustaan, vir ander meer dringende akademiese behoeftes.

In die loop van 1946 is die Natuurkundegebou, wat in 1935 opgerig is, aansienlik uitgebrei. Waar in 1935 die totale studentetal vir die driejarige kursus 48 beloop het, was daar in 1946 altesaam 90 inskrywings net vir die eerstejarskursus. Dosent SJ du Toit het die behoefte aan uitbreiding gemotiveer: "Die P.U.K. het die groot roeping om aan die wêreld te toon dat die christelike natuurwetenskaplike net sulke deeglike en oorspronklike wetenskaplike werk kan doen as enige ander wetenskaplike." [17]

Die jaar daarop, 1947, word Aardkunde "selfstandig" toe dit 'n eie "sierlike gebou van moderne ontwerp, wat tog aanpas by die bestaande laboratoriumgeboue", betrek. [18]



Hoofgeboue van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër-Onderwys. Besonderhede van die inrigting se nuwe bouprogram word in die artikel hieronder uiteengeset.

P.U.K. VERDUBBEL HOMSELF MET GROOT BOU-PROGRAM

BYKANS £90,000 AAN ADDISIONELE GEBOUE

Terwyl die bestaande geboue van die Potchefstroomse Universiteits - kollege sowat £80,000 gekos het om op te rig, beloop die inrigting se na-oorlogse bouprogram digby die £90,000.

NIE ALLEEN HIERDIE UITBREIDING IS OPVALLEND NIE, MAAR DIE KOLLEGE HET OP ONGEKENDE MANIER TOEGENEEM TENOPSIGTE VAN PERSONEEL, STUDENTE EN NUWE FAKULTEITE. ONDER DIE VERNAAMSTE NUWE ONDERNEMINGS IS DIE OPLEIDING VAN APTEKERS EN LANDMETERS, GESONDHEIDS - BEAMPTES EN HUISHOUDKUNDIGES.



Plan-tekening van die nuwe dames-hostel, wat tans by die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër-onderwys voltooi word en binnekort in gebruik geneem word.



Die plantekening van die gebou vir Liggaamlike Opvoeding, wat die Potchefstroomse Universiteitskollege van plan is om op te rig so gou as prakties moontlik is.

***3.5.4***

***Berigte in die Westelike Stem oor boubedrywighede op die PUK-kampus, 1946.***

Sielkunde, wat op sy beurt sedert 1940 beperkte ruimte "op bruikleen" by Dierkunde benut het, het so vinnig uitgebrei dat dit aan die begin van 1947 'n eie gebou moes betrek. Wat uiterlike voorkoms en inwendige toerusting betref, was dit van 'n heel moderne konstruksie en "moes met min geld en hoë boukoste op die mees ekonomiese wyse te werk gegaan word om in soveel onmiddellike behoeftes as moontlik te voorsien". Departementshoof JM Hattingh het hierdie gebou bestempel as "ongetwyfeld die modernste Sielkundelaboratorium in die land ... veral wat betref die inrigting vir doeltreffende werk".[19]

## 3.5.2 Koshuise: "Ons wonings, ons huise"


Die dameskoshuis wat in 1935 saam met die Natuurkundelaboratorium opgerig en nog in dieselfde jaar betrek is, het in 1936 die naam gekry van daardie groot ondersteuner en weldoener van die PUK in die parlement en vir 'n tyd lank ook kabinetsminister, mnr PGW ("Oom Piet") Grobler. 'n Aankondiging hieroor is tydens die gradeplegtigheid in Mei 1936 deur rektor Ferdinand Postma gedoen.[20] Huisvader LJ du Plessis, wat tot dusver in Postmahuis gewoon het, het nou saam met die dames na die nuwe en ruimer losiesplek verhuis, terwyl Postmahuis nou 'n mansvesting geword het.

Met die afsterwe van senator Grobler in 1942 het prof Postma verwys na die destydse vernoeming van die koshuis en gesê dat die PUK " 'n ware vriend en 'n sterk voorstander ... die warme pleitbesorger vir die Inrigting in die hoogste kringe van ons land" verloor het. In 1936 het Grobler byvoorbeeld bemiddel dat die Kamer van Mynwese £1 000 en sir Abe Bailey en sir Ernst Oppenheimer elk £200 tot die PUK se boufonds bygedra het.[21]

Die lank-gevoelde behoefte aan 'n aparte huisvaderswoning is in 1941 verwesenlik "sodat die huisvader, prof L.J. du Plessis, met sy gesin tans rustiger woon". Mev du Plessis is, na sewe jaar getroue diens, van haar pligte as huismoeder onthef. Oor prof LJ as huisvader getuig Postma só: "Sy optrede, deur regverdigheid gekenmerk, hou deeglik rekening met die eise vir die lewendige jong natuur van die student, sodat die leisels nie te slap rondswaai nie en ook nie te styf aangetrek word nie."[22]

Vir die res van die duur van die oorlog was daar nie noemenswaardige boubedrywighede op die PUK-kampus nie. Dadelik na vredesluiting was dit asof daar weer momentum begin kom het. 'n Skouspelagtige bouprogram van byna £90 000 was in die pyplyn. **(insetsel).**

Die toename in manstudente het tot gevolg gehad dat daar tydens die oorlogsjare op groot skaal van privaat



***3.5.5***

***Heimat***



***3.5.6***

***Postmahuis***



***3.5.7***

***Ons Huis (Gatland)***



*3.5.8*

***Piet Groblerhuis***



*3.5.9*

***De Klerkhuis***



*3.5.10*

***Uitspan***



***3.5.11***

***Rustige kampustoneel...***

losies gebruik gemaak moes word. Na afloop van die oorlog is dadelik begin met 'n nuwe losieshuis vir dames, met die gedagte dat die mans dan Piet Groblerhuis sou betrek. Op 22 Mei 1946 is "De Klerkhuis", so genoem ter ere van die gevierde voormalige registrateur en jarelange lid en voorsitter van die PUK raad, ds WJ de Klerk, feestelik in gebruik geneem. By hierdie geleentheid het die rektor 'n groot aantal vertrekke wat volgens die kamerstelsel geborg is, by wyse van koperplate aan die donateurs toegeken.


Dit was 'n "aangename funksie", ten spyte van 'n harde reënbui pas tevore, en paslike hulde is gebring aan die man na wie die gebou vernoem is. Nadat argitek Meiring die sleutel aan haar oorhandig het, het die weduwee de Klerk die gebou oopgesluit en kon die gaste die "sierlike en modern ingerigte gebou" besigtig. [23]

Vanweë verdere groei in studentetalle teen die middel van die veertigerjare sou daar gemeet en gepas moes word, vir sover dit die huisvesting van studente betref. Teen 1947 is 189 mans gehuisves in die koshuise Heimat, Ons Huis, Spelonke en Piet Groblerhuis terwyl 94 dames onderdak gevind het in De Klerkhuis en die gehuurde Dealehuis. [24]

'n Akute tekort aan losies en die feit dat "Spelonke" intussen besig was om te verval, het veroorsaak dat eerste aandag gegee is aan die losieshuis. Om koste te bespaar, het die dienspersoneel eiehandig en met gebruikmaking van tweedehandse materiaal tot aksie oorgegaan. Onder toesig van proff DJ van Rooy, GTS Eiselen en JS van der Merwe en teen £4 000, "wat 'n besparing van etlike duisende ponde beteken", het die nuwe koshuis (vir 38 inwoners) net noord van "Heimat" sy deure aan die begin van 1948 geopen en is die naam "Uitspan" daaraan toegeken. [25]

Hiermee was die bouprogram vir sover dit losiesvoorsiening aan studente betref, voorlopig afgeloop. Teen die einde van 1948 was daar 178 mans en 90 dames in amptelike koshuise van die PUK gevestig, met ongeveer 28 mans in buitehuise en kon hierdie nagenoeg 300 studente nou deel in die koshuiskultuur wat al hoe sterker begin posvat het. [26]

"Die losieshuise", sê SR-voorsitter Willem de Klerk (kleinseun van ds WJ de Klerk) in 1951, "is beslis die nucleus van ons hele studentegemeenskap", en brei dan effens daarop uit: "Ja, vir 'n baie groot deel van die jaar is die losieshuise ons wonings, ons huise. Hier beleef ons ons swaarste tye, moeilike studies en harde bloktye. Hier worstel elkeen met sy eie probleme en moeilikhede. Maar hier het ons ook veel pret ... Die slaapkamer van elke student is sy eie heiligdom. Daar bak en brou hy soos hy wil. Daarom dat die slaapkamers, die boekrakke, die studietafels, selfs die klerekaste en beddens net soveel persoonlikhede weerspieël as wat daar persone is." [27]




*3.5.12*

***Terreinkaart (Jaarboek 1946) - waarskynlik argitek Meiring se "meestersplan" waarna verwys word.***

## 3.5.3 Terreinuitbreiding

Die bouprogam vir die tweede helfte van die dekade veertig het voorsiening gemaak vir 'n meer moderne gebou vir Liggaamlike Opvoeding, 'n swembad en sportvelde, 'n gebou vir die Fakulteit Lettere en 'n verdere manskoshuis. Saam met die ander projekte wat op daardie stadium op gang was, het die totale boukostebegroting die bedrag van £139 000 beloop.[28]

Die ekstensiewe bouplanne het meegebring dat ernstig besin moes word oor beskikbaarheid van ruimte. Reeds in 1945 het die Raad 'n aangrensende stuk grond van mnr FH Bodenstein, bestaande uit vier erwe, aangekoop.[29] In onderhandelinge met die stadsraad is die verlengde straatgedeeltes van President- en Joostestraat in Augustus 1945 aan die PUK geskenk en kon die PUK gevolglik sy terrein tot aan Hoffmanstraat vergroot.[30]

Die PUK het ook beskik oor 'n stuk grond tussen Noordstraat en die pad na die dam. Die bronne is vaag oor wanneer en hoe hierdie terrein in PUK se besit gekom het. J Chr Coetzee meld – en JS du Plessis volstaan daarmee – dat die stadsraad in 1948 iets meer as twee morge "noord van Noordstraat" (die huidige Gerrit Dekkerstraat) aan die PUK toegeken het.[31] Dié datum kan nie korrek wees nie; reeds in die jaarboek vir 1946, wat teen die einde van 1945 saamgestel is, kom daar 'n terreinplan voor waarop die besondere stuk grond vir toekomstige sportvelde geoormerk is. Na alle waarskynlikheid het dié grond deel uitgemaak van die skenking deur die stadsraad in die vroeë twintigerjare.

'n Ad hoc-kommissie het in November 1947 aanbeveel dat hierdie terrein in sy geheel vir sport gereserveer moes word en dat rugby- bofbal- en krieketvelde asook die atletiekbaan met tribune daar geplaas moes word. Dié skema was onderhewig aan die hersonering van die terrein oorkant die spoor, wat juis vir dié doel (as sportterrein) deur die stadsraad aan die PUK gegee is. Daar was veral haas vir die verkryging van 'n atletiekbaan.[32]

Die stadsraad was inskiklik vir soverre dit die hersonering van die terreine betref en daar kon dus begin word met die uitlê van die nuwe sportterrein langs die dam-pad. Met behulp van die Weermag maar ook op eie stoom, deur gebruikmaking van 'n trekker, vragwa en snymasjien wat met geld van Liggaamlike Opvoeding gekoop is, is die terrein gereed gemaak, 'n

atletiekbaan en twee rugbyvelde (een sub-standaard) uitgelê en kleedkamers en sitplekgeriewe aangebring. By selfstandigwording is gerapporteer dat die werk aan die sportterrein besonder goed vorder en die PUK kon kort hierna vir die eerste keer in sy geskiedenis op eie bodem as gasheer vir die interuniversitêre Dalrymple-atletiekbyeenkoms optree. [33]

'n Latere voorstel (in 1954) dat die nuwe sportterrein die naam dra van mnr G Bosman, wat 'n leeue-aandeel in die aanlê van die sportvelde op die terrein geneem het, is deur die Studenteraad geveto. [34]

In die loop van die veertigerjare het Musiek as vak sterk aan die PUK gevestig en het daar veral 'n sterk behoefte aan onderrig in praktiese musiek ontstaan. Dit lei tot die instelling van 'n musiekskool in die loop van 1948. Met die aankoop van die bekende musiekskool van mnr Van der Bent in Potgieterstraat, as lopende onderneming en kompleet met perseel en geboue, is in hierdie behoefte voorsien. Met behulp van 'n skenking van £5 000 deur die plaaslike stadsraad is in 1949 ook 'n Musiekkonservatorium aldaar gevestig. [35]

Die stigting van die Musiekkonservatorium is bestempel as "een van die belangrikste uitbreidings ooit" aan die PUK en is gedoen omdat die tyd ryp was vir die inrigting om, "vir sover dit Transvaal betref, leiding op hierdie gebied te neem". Dit was nie net bedoel om in plaaslike behoeftes te voorsien nie, maar moes ook vir Afrikaners in die provinsie as geheel 'n nuwe era in musiekopleiding inlei. Die bydrae van die Potchefstroomse stadsraad is as 'n "belangrike kultuurdaad" geloof en toon die raad se "besondere bewustheid van die spesiale aard van Potchefstroom as 'n groot en belangrike opvoedkundige sentrum". [36]

Met die aanstelling van mnr MC Roode as hoof van die konservatorium in Julie 1949 en met die amptelike opening daarvan op 29 Maart 1950 op 'n "heel geslaagde plegtigheid" in die stadsaal is nog 'n groot ideaal verwesenlik. [37] Nege maande na die opening en met 'n personeel van veertien laat hoor dosent Roode reeds die versugting van "ruimer en doeltreffender akkomodasie"; daar is 'n groot agterstand om in te haal en die wens word uitgespreek dat die konservatorium van krag tot krag mag gaan "sodat dit 'n sieraad en aanwins nie net vir Potchefstroom nie maar tewens ook vir die hele Suid-Afrika mag wees". [38]

Argitek Meiring se meestersplan vir die ontwikkeling van die kampus, het 'n kommissie onder leiding van prof Dekker, wat op 24 November 1947 aan die Komitee vir Geboue en Gronde verslag gedoen het, nie heeltemal



*3.5.13*

***Die studentesaal was een van die laaste paar oorblywende sinkgeboue op die kampus. Dit sou eers in 1953 met die Totius-gedenksaal vervang word. Dié foto is deur MC Papendorf geneem.***

bevredig nie. Eerstens sou te veel grond onbenut gelaat en die onderhoudskoste te hoog wees, terwyl Dekker-hulle eerder die sperlyn vir geboue langs die hoofweg vanaf die buitekant van die hoofgebou se vleuels wil sien. Verder wil hulle die terrein suid en suidoos van die huisvaderswoning reserveer vir dameskoshuise, terwyl manskoshuise in lyn met Heimat noordwaarts opgerig behoort te word.

Die kommissie stel ook voor dat die ovaal wat gevorm word deur Heimat, Ons Huis, Postmahuis, die gimnastieksaal en enkele laboratoria, afgesluit moet word met 'n groot dubbelverdieping manskoshuis. 'n Tydelike studentesaal, waaraan daar so lank reeds 'n behoefte was, kan daarnaas opgerig word, om in die toekoms in 'n eetsaal vir die nuwe koshuis omskep te word.

Die Komitee vir Geboue en Gronde het by hierdie geleentheid onder meer besluit dat 'n klubgebou vir studente uiteindelik noord van die Joostestraatingang, agter Postmahuis en langs die Plantkundelaboratorium opgerig sal word. Regoor die klubgebou is plek gereserveer vir die Letteregebou, terwyl die toekomstige biblioteek langs die Letteregebou en teenoor die Plantkundelaboratorium geplaas sou word.[39]

Terreinuitbreiding van 'n ietwat ander aard kom ook teen die einde van die veertigerjare op gang toe die departement van Lande deur bemiddeling van dr Jan Steyn, LV vir Potchefstroom, onderhandel het om die plaas Somerville ('n raps meer as 3000 morg groot en ongeveer 50 kilometer noord van Potchefstroom, aan die sogenaamde Boonste Oog van die Mooirivier) aan die PUK te skenk. Die doel met die skenking was om aan die universiteit ruimte en geleentheid te bied vir wetenskaplike navorsing, veral geologies en botanies, om die universiteit se bates te versterk en om waardevolle grond onder die PUK se sorg en beskerming te plaas. Uitgebreide onderhandelinge is hieroor gevoer en die skenking sou eers in Mei 1952, ná onafhanklikwording, beklink word.[40]

Die kroon is egter gespan, vir sover dit terreinuitbreiding betref, met die toevoeging van 'n landelike terrein aan die soom van Mooirivier, vlakby.



***3.5.14***

***Die ou meule op die historiese landgoed "Oude Molen", is vir 'n tyd lank as museum gebruik is maar toe vanweë bouvalligheid afgebreek. Die konservatorium is toe hier opgerig.***

### 3.5.4 "Landgoed Oude Molen"

Terwyl die PUK homself gerat het vir selfstandigwording, is daar groot gedink en tot skouspelagtige uitbreiding oorgegaan toe die landgoed van Potchefstroomse sakeman B Shapiro in 1947 aangekoop is.

Hierdie landgoed was geleë ten ooste van Noordbrugweg (later Vanderhoffweg) en het aan weerskante van die Mooirivier uitgestrek. Op die landgoed was daar 'n ou meule, wat nog uit die vorige eeu dateer en meer as 100 jaar oud was, asook 'n woonhuis, moutwerf, stal vir 10 koeie, melkkamer, rondawel en 'n aantal ander buitegeboue. Ongeveer vier en 'n half morg was onder lusern en daar het 'n stuk of 30 bees en 2 perde op die landgoed gewei. Die Shapiro-meule was die laaste oorblywende van die ses of moontlik sewe watermeulens op Potchefstroom wat uit die 19de eeu dateer en wat 'n belangrike rol gespeel het "in een bloeijende en veel graan voortbrengende land zoo als dit". [41]

'n Meer idilliese opset kon 'n mens jou skaars indink ... en in die jare wat kom, sou die wysheid van hierdie grondaankoop oor en oor bevestig word.

Die transaksie het by wyse van 'n aanbod deur Shapiro aan raadslid ds JV Coetzee op die PUK se tafel gekom. Coetzee het dadelik 'n opsie geneem, waarna die saak verder deur die Komitee vir Gronde en Geboue opgeneem is. Hierna is dit na 'n subkommissie onder leiding van prof AP Goossens verwys, [42] wat pragtige vergesigte gesien en die nutswaarde van die Shapiro-landgoed soos volg aangestip het:

- huisvesting van departement Liggaamlike Opvoeding met gebou, swembad en tennisbane;
- bou van koshuise, sodat ander ruimtes vir akademiese uitbreiding benut kan word;
- benutting van bestaande woonhuis as koshuis en later moontlik as huisvaderswoning;
- dat daar "ongeveer 14 jersey-koeie aangehou kan word om die koshuise van botter en melk te voorsien. Met die beskikbare weiding en die lusernland meen ons dat dit maklik gedoen kan word."

Verdere aanbevelings van die Goossens-kommissie het onder andere ingehou

- dat die moutwerf opgedoek word; die sink, pale en draad "kan maklik voordelig verkoop word";
- dat die meule en dorsmasjien verhuur word omdat dit nie wenslik is om met gevestigde plaaslike ondernemings mee te ding nie;
- "Dat daar ses osse aangehou word om die landerye te bewerk en ander werk te doen. Ons meen ook dat die skotskar en snymasjien dan nie meer verkoop moet word nie. Die twee perde wat ons het, kan ook daar gehou word. Daar is 'n stal vir hulle."

Al die oorweginge en aanbevelinge gee natuurlik 'n duidelike beeld van die landelike karakter en mentaliteit van die PUK van destyds en van die noodsaaklikheid om vooraf dubbel seker te maak dat die transaksie finansieel haalbaar en geregverdig sal wees.

Daar was aanvanklik tog 'n mate van huiwering by die besluitnemers: daar is ook elders grond beskikbaar, die aanbodprys is hoog ... [43] Na verdere ondersoek was die aanbeveling egter beslis om te koop "want ons staan voor geweldige uitbreidings, veral as ons selfstandig gaan word". Die aankoop is toe wel by die Raad aanbeveel, maar op voorwaarde dat die LO-gebou beslis daar opgerig sal word. Die oprigting van 'n standaardswembad aldaar sal 'n besparing van £2000 meebring "en daar sal meer privaatheid vir dames gebied word". [44]

Hierdie laaste "aanbeveling" moet ook gesien word teen 'n besluit van die Raad, toe die oprigting van 'n swembad in Augustus 1945 ter sprake was en die Raad dit goedgedink het om "die noodsaaklikheid van aparte reëlings vir mans en dames" te notuleer! [45]

Nadat die koop gefinaliseer is, is begin met die beplanning van die swembad en die LO-gebou asook met die opruiming en herbenutting van die terrein. Die dorsmasjien en al die masjinerie van die meule, met uitsondering van die turbine met sy dryfas en kragwiel, is verkoop. [46]


Nou word daar gedink aan 'n naam vir die landgoed. Met die geldelike skenking gekoppel aan die tragiese dood van die Afrikanerstoeiheld in sy agterkop, oorweeg rektor Postma "Johannes van der Walt". Maar dan is daar klarigheid dié Afrikanerheld se naam word reeds gekoppel aan die Instituut vir Liggaamlike Opvoeding op die terrein, so maak dan die naam "Landgoed de Oude Molen" op die nuwe terrein in sy geheel van toepassing. Daar is ook besluit dat 'n plaat aangebring sal word "om die skenking van mnr Shapiro te gedenk". [47]

Dis nou nie dat Shapiro toe so grootmoedig was om die landgoed te skenk nie! Hy het egter wel, na afhandeling van die kooptransaksie, 'n donasie van £500 aan die PUK se Uitbreidingsfonds laat toekom - en dáármee inderdaad dié gedenkplaat "gekoop". [48] Terugskouend, wonder 'n mens of daardie gedenkplaat ter ere van Shaipo ooit aangebring is, en indien wel, wat daarvan geword het. Soektogte daarna was tot dusver tevergeefs.

Die 1940-opgerigte geboutjie vir Liggaamlike Opvoeding het spoedig heeltemal ondoelmatig geblyk te wees en uitbreiding aan die kursusse het 'n veel ruimer en beter gebou genoodsaak. Toe in 1945 weens oorlogstoestande om 'n boupermit aansoek gedoen is, is dit aanvanklik geweier. In 1947 is die benodigde boupermit wel uitgereik, maar eers nadat die owerheid se arm gedraai is omdat 'n permit wel intussen aan die Universiteit van Pretoria uitgereik is. Heelwat probleme rondom die bouplanne en die boumateriaal moes eers opgelos word voordat 'n tender van mnr L Fokkens aanvaar is en die bouwerk 'n aanvang kon neem.[49]

Geleidelik het die Liggaamlike Opvoedinggebou soos 'n kolos digby Noordbrugweg op die landgoed verrys.

Die inwyding van die Johannes van der Walt-instituut vir Liggaamlike Opvoeding op 15 Oktober 1949 was 'n spoggerige geleentheid. In sy jaaroorsig rapporteer Postma só hieroor: "By die geleentheid is ons vereer deur die teenwoordigheid van Sy Edele adv. Swart, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, senator dr H.F. Verwoerd, dr Jan Steyn, L.V., en dr S.P. van der Walt,



*3.5.15*

*Embleem, oude molen tennisklub*




*3.5.16*

*Fanie du Toit – (middel, 2e van regs): koppel sy naam aan sportterrein, maar herstel terselfdertyd die "Landgoed"-benaming.*

***Dit grens aan die tragiese dat die allesbeskrywende en histories-belade naam*** **Landgoed Oude Molen** ***met die loop van jare uit die PUK woordeskat verdwyn het – uitgesonderd die prysenswaardige herdenking daarvan in die naam van die personeeltennisklub.***

***In die laat vyftigerjare sou die musiekkonservatorium in die gestalte van 'n uiters moderne gebou, kompleet met sy eie aula, op die Oude Molen landgoed staan gemaak word. Hoewel dit enersyds die logiese kulminasiepunt was van die skouspelagtige groei van hierdie departement, is in die proses die siel van die landgoed uitgeruk deur die besluit, einde 1957, om die ou meulgebou te sloop.***[55]

***Nog 'n klompie jare verder en ook die naam, die enigste oorblywende aanduiding van die historiese karakter van hierdie kosbare en idilliese terrein, is die slagoffer van 'n goedbedoelde maar nogtans nepotistiese sentiment toe die naam van die befaamde voormalige registrateur, Fanie du Toit, daaraan toegeken word.***

***Watter groot kultuurskat sou die behoud van die Ou Meul self, wat skynbaar in ongeveer 1842 opgerig is en waar, volgens oorlewering, onder meer presidente MW Pretorius en Paul Kruger hulle koring laat maal het, nie gewees het nie! Die universiteit sal ook geen prestige inboet nie – nee, sal eerder in estimasie styg indien hulle die "onreg" teenoor die geskiedenis minstens gedeeltelik met regstellende aksie ongedaan maak en die naam "Oude Molen Landgoed" in ere herstel. Dit is nie nodig om totaal weg te doen met die huidige naam, "Fanie du Toit-Sportterrein" nie. Per slot van sake staan daar ook 'n reuse akademiese kompleks en die Musiekkonservatorium op die "sportterrein" – en kan nie weggeredeneer word dat Fanie du Toit, afgesien van sy roem as registrateur, by uitstek 'n sport- en veral 'n rugbyman was nie.***

***Die PUK-owerheid behoort dit ernstig te oorweeg om die terrein in sy geheel te herdoop tot "Oude Molen Landgoed" en om dan die naam "Fanie du Toit" bloot net aan die sportkompleks te koppel. 'n Gemeenskaplike naamplaat met kort verklarende toeligting by die hoofingang kan sodanige "regstelling" afrond.***

wat besielende toesprake gelewer het. Verversings is saam met 'n groot aantal belangstellendes onder die skilderagtige wilgebome geniet waarna die studente van die departement Liggaamlike Opvoeding 'n puik demonstrasie gelewer het. In ons midde was die dag ook die ouers en heelwat van die naaste familielede van wyle Johannes van der Walt. Dit was 'n besondere voorreg om hulle by ons te hê." [50]

Na voltooiing van die LO-gebou is begin met die swembad, wat van meet af aan deel was van die nuwe bou-opset maar vanweë die geldelike situasie en probleme rondom die konstruksie daarvan, eers gelaat is. Dit is in die loop van 1950 voltooi. [51]

In 1949 word uitvoering gegee aan aanbevelings van die Museumkomitee dat die ou meulhuis as museum ingerig word. [52] Dit is onder beheer geplaas van 'n permanente senaatskomitee met kolonel Izak Meyer as sameroeper en proff DW Krüger, AP Goossens en J Chr Coetzee as ander lede. [53] Spoedig sou sowel die AH Potgieterwa as die PUK se eie Voortrekkerwa hier staan gemaak word en kon die verontwaardiging besweer word van 'n student wat twee jaar tevore kwaai kapsie gemaak het teen die verwaarloosde toestand waarin hierdie historiese oorblyselfs uit die heldeverlede verkeer het. "In die geboue by die voetbalveld", het "Gebelgd" in Augustus 1948 in die studentekoerant gekla, "staan hierdie kosbare besitting van die Afrikanervolk in 'n gehawende toestand … Vir tien jaar lank … weggesteek in 'n tweederangse gebou en geberg onder die stof!" [54]

### 3.5.5 Biblioteek in vlamme ... en feniks* uit die asse!

(* feniks = fabelagtige voël wat verbrand en weer uit sy eie as herrys, sinnebeeld van onsterflikheid – Nasionale Woordeboek)

Met die oprigting van die sinkbarakke in 1923 is een van hierdie konstruksies as biblioteek ingerig. In 1931, die jaar toe die biblioteek van die Universiteit van Witwatersrand in ligte laaie gestaan het, is twee vertrekke, een as leessaal en een as magasyn, op die boonste vloer van die noordoostelike vleuel van die hoofgebou as biblioteek ingerig. In 1938 is 'n derde vertrek betrek. [56]

Die benoeming van mnr HC van Rooy as voltydse organiseerder van die PUK in 1941, met spesifieke opdrag geldinsameling, is onder andere gemotiveer deur daarop te wys dat 'n aparte administratiewe gebou, met biblioteek daarby inbegrepe, hoog op die agenda staan. 'n Beginselbesluit hieroor is reeds deur die Raad geneem. Hiervan het egter niks gekom nie, soos ook nie van die idee in 1947 om, by oprigting van 'n gebou vir Lettere en Wysbegeerte, die biblioteek dan saam met die administrasie in groter ruimtes in die hoofgebou te setel nie. [57]

Die ruimte in die hoofgebou was heeltemal onvoldoende om die steedsgroeiende inhoud van die biblioteek te akkommodeer en hierdie ruimtebehoefte is telkemale in rektor Postma se senaatsverslae vanaf 1946 tot 1948 geopper. In sy senaatsverslag vir 1948 het Postma die dringende noodsaaklikheid vir 'n ruimer en meer doeltreffende biblioteekgebou weereens onderstreep en die hoop uitgespreek "dat skenkers die weg sal open om die doel te verwesenlik". In die Desember-uitgawe van die oudstudentejaarblad *Veteraan* is met genoegdoening aangekondig dat die Raad in beginsel goedgekeur het dat die volgende gebou wat opgerig word, 'n ruim en doeltreffende biblioteekgebou sou wees. [58] Daar is dadelik met die beplanning van die nuwe gebou begin. [59]

Maar helaas, te laat !

Op 23 Februarie 1949, met die opening van die akademiese jaar, tref "die groot ramp van die brand" soos rektor Postma dit beskryf het,[60] die PUK: die bibioteek, dáár in die noordoostelike vleuel van die statige ou hoofgebou, gaan in vlamme en digte rookwolke op!

Aangrypend is die ervaring van die brand soos weergegee deur 'n student. Pas terug na die vakansie en uitgelate van "opgeruimde geesdrif en trots in die blymoedige wete: ons gaan terug na die P.U.K. vir C.H.O. Ons is P.U.Kaners!", word hulle tot stilstand geruk: "Skielik het ons dit gesien – rookwolke krul en draai uit die hoofgebou se dak. Ons was verslae ... die **hoofgebou** aan die brand – dit het onmoontlik geklink. En tog, die rookkolomme was daar, die vuurtonge het hoog bo die dak uit baljaar. Daar was die brandweer: die haastige en byna verwarde gespartel van die biblioteek- en kantoorpersoneel - oom Kierie Schoeman, [assistent-registrateur] met 'n bloedklont op sy wit bles.

"Voor my geestesoog sien ek nog die gesig van Prof Joon van Rooy. Sy diep-menslike gemoed kan nie sy leed verberg nie – wat dit vir hom beteken om die arbeid van soveel jare voor sy oë te sien vergaan, is duidelik op sy gesig te lees ... en dit roep 'n knop in 'n man se keel.

"En dan val die oog op die Rektor: Prof Postma, regop – amper fier - en waardig soos altyd. Die lyne van sy streng gesig net sterker; die pyp rustig in die ferm mond. Wie hom al bietjie ken weet dat 'n groot en gevoelige hart agter die streng gelaat skuil – en hy voel sy eie hart ineenkrimp by hierdie groot man met sy groot leed! Hoeveel het sy liefde vir die P.U.K. vir




*3.5.17*

*Donker rookwolke vertel die droewige verhaal van die brand.*



*3.5.18*

*Van die meublement en boeke wat gered kon word. Op die agtergrond is die tennisbane, op die terrein waar weldra 'n nuwe biblioteekgebou opgerig sou word.*



***3.5.19***

***Dié behendige systap waarmee prof Dirk van Rooy die vallende puin ontwyk, het hy oorgehou uit sy rugbydae. In die vroeë twintigerjare het hy vir die PUK en ook vir die Mielieboere (Wes-Transvaal) as heelagter uitgedraf.***

C.H.O. hom nie deur die jare laat offer nie!

"Prof van Rooy kom by hom. Hulle lê handpalm in handpalm in 'n stewige strydmakkersgreep: 'Ferdinand, ons sal maar weer van vooraf begin' ... en warm trane vloei oor die wange van Prof van Rooy. Die sterk gelaat word net stroewer – die oë kyk net reguit en vaster. Die oomblik van aandoening is ontsaglik – nie 'n woord kom oor die sterk gevormde lippe nie. Selfs hierdie groot man het al sy wilskrag nodig om die trane te weerhou. Stadig en statig lig hy die hand ... en salueer! Groot in sy groot smart.

**"En toe het ons geweet, met 'n blydskap wat net diep-in sterk maak: hulle sal weer kan voor begin ... in God se Naam en krag.**

"Hierdie wete het die studente nie alleen met blymoedigheid gewillige hande laat voeg by honderde gewillige hande van makkers wat reeds besig was nie, maar het ook die vertroue gegee om soos een man te sê: **ons bly hier, by die P.U.K. vir C.H.O.**" [61]

Vir die student wat verslag doen spreek daar 'n boodskap uit die ramp: "Laat ons rekenskap gee – ja ook elke student: Besef ons die roeping van die P.U.K., en dus ook die roeping van elke student? Ons wil hoop dat elke student waarlik in die geknetter van die vlamme die roep gehoor het: Staan stil ... en besin weereens voordat jy hierdie jaar begin! **Waarom is jy PUKANER?"** [62]

Ook die legendariese GBS (Rabbo) Pasch was daar. "Waterslange en wisselvallige gedreun van pompmotore – die dak val – daarmee saam die hoop om iets te red – in die mure krul die barste oop, die kamers van die biblioteek word 'n vuurherd wat as enigste brandstof gebruik, 30,000 boeke; 30,000 boeke, die eertydse kragbron, die vuur waar baie P.U.Kanergeslagte hulle by warm gemaak het; 30,000 boeke wat met min geld en baie liefde en troue ywer gebou, aangevul en teer versorg is … en soos die hitte bedaar en die koolstof-dampe minder word, het die studente, professore, lektore by die deur en oop, verbrande vensters verskyn, selfs bo-op die mure. Hoop teen hoop. Hulle het tussen die nat as van baie boeke gesnuffel – miskien! Hier 'n halwe voorblad van 'n ou Huisgenoot … daar 'n buiteblad waar mens iets van Cicero kan uitmaak! Maar van die reekse, reekse geleerdheid, kosbare kleinnode, kleurafdrukke van groot meesters, versamelwerke, manuskripte van Jan Celliers, tydskrifreekse – net nat as!"

Ook Rabbo kyk na die dieper sin van die gebeure: "Tussen die soekers, min woorde, min gedagtes. Een groot gedagte en pyn – ons biblioteek! Die omvang, onberekenbaar. Ons gebede, dié dag en daarna, baie – en noudat alles terugskuif in die verlede, staan die sterk silhoeët van enkele studente bo-op die puinmure uit

soos sterk woorde en suiwer besieling: Ons sal bokant die ramp uitgroei, want vir hulle wat roepingsbewus lewe, is elke beproewing suiwering en verinniging van roeping én ideaal!" [63]

Die omstandighede rondom die brand is later in besonderhede aan die departement van Onderwys uitgespel: "Die brand soos u weet het op 23 laaslede plaasgevind en wel vir ons op 'n heel onverklaarbare manier. Die brand het nie in die boekery begin nie. Die eerste aanduiding van die brand is in die dak van die gebou gewaar. Ons het met behulp van drie brandwere alles in ons vermoë gedoen om die boekery te probeer red. Ons het egter, Gode sy dank, net daarin geslaag om te verhoed dat die brand verder versprei as die eerste verdieping van die regterhandse vleuel van die hoofgebou waar die boeke gehuisves was. Die vuur het egter so vinnig versprei dat ons weinig van die boeke kon red, ongeveer een-tiende is gered en selfs hierdie gedeelte is ook nog in baie gevalle erg deur die water beskadig. Die hoofgebou met sy inhoud was verassureer vir 'n bedrag van £20000; die gebou self was vir £17000 verassureer en die inhoud was vir £3000 verassureer."

Skade aan die gebou het £7 300 beloop en daar is met die assurasiemaatskappy ooreengekom dat £10 000 in totaal uitbetaal sou word, £7 000 vir die herstel van die gebou en £3 000 vir die verlies van die boeke. Dit was maar 'n druppel in die emmer: "Hieronder volg nou 'n beraming van die werklike skade wat gely is deur die boeke wat verbrand is: 22 500 boeke teen 'n gemiddelde prys van £1 per boek …. £22 500;? Referensiewerke, getal onbekend, waarde egter kan op sy minste beraam word op ….. £7 500 TOTAAL ……. £33 000 … Ons kom dus nog £30 000 kort." [64]


Die pas in Amerika gekwalifiseerde bibliotekaris, mnr HC (Harry) van Rooy, het beraam dat ongeveer 30 000 boeke en 4 000 tydskrifte in die slag gebly het. [65] Hy het ook toegegee dat die ou biblioteek nie aan standaarde voldoen het nie, vir sover dit boeketal, organisasie en personeel betref. [66] Al het die ere-bibliotekaris vir baie dekades lank, prof Gerrit Dekker, dit as sy mening uitgespreek dat die PUK nie hierdie ramp nodig gehad het om biblioteekbewus te word nie, [67] was die PUK nou voor 'n voldonge feit geplaas: daar moes van voor af begin word. En skielik was daar 'n dringendheid met die beplande nuwe gebou.

Op die oog af het die PUK hom nou as 't ware byna op moedverloor se vlakte bevind. Van terugkeer na die hoofgebou is daar geen sprake nie. Die enigste weg, hoor die departement van Onderwys, is 'n nuwe, doeltreffende en brandvrye gebou. Die Raad was juis met planne en skemas in hierdie verband besig "toe hierdie ontsettende ramp ons getref het en die Raad gevolglik nou voor 'n taamlike hopelose posisie te staan gekom (het)". Vir die aankoop van boeke word £30 000 benodig, terwyl 'n nuwe gebou £50 000 sal kos: "U sal seker moet saamstem dat dit vir die Raad onmoontlik is om op hierdie stadium en ek kan byna sê op enige ander stadium, somar £80 000 bymekaar te kry, tog moet dit!"

Daar sal seker besef word dat die hart van die PUK deur die brand getref is en as die regering nie finansieel help nie, die Kollege nog lank mank sal gaan op akademiese gebied. In die verlede, spel die registrateur dit uit, het die PUK nog nooit op ekstra finansiële steun van die regering aanspraak gemaak nie, maar daar word in die "buitengewone noodtoestand" en "nieteenstaande die buitengewone geldnood waarin ons land verkeer", met vrymoedigheid aansoek gedoen vir 'n buitengewone lening vir die oprigting van 'n doelmatige gebou. Vir die aankoop en heropbou van die boekery sal self gesorg word.[68]

Maar die PUK het nie lank getob oor die ramp wat hom getref het nie. Enkele dae na die brand het advokaat Eric Louw, minister van Ekonomiese Sake, die ramptoneel besoek en het rektor Postma die situasie met hom bespreek en gevra om die gedagtes aan die minister van Onderwys oor te dra. Postma self sou op 11 Maart na Kaapstad vertrek, maar weens ongesteldheid het waarnemende rektor JC van Rooy op 14 Maart saam met die registrateur en dr Jan Steyn, Potchefstroomse volksraadslid, samesprekinge met minister AJ Stals gevoer. 'n Spoedige aankondiging oor regeringshulp sou waardeer word, want dit sou veel help om voornemende skenkers van boeke gerus te stel oor die veiligheidsaspek. [69]

Die PUK se versoek is reeds op 29 Maart per memo onder personeel van die departement versprei en het hierna die normale prosedure via die amptenary gevolg. Toe op hoë vlak navraag gedoen is oor die aard en omvang van regeringshulp tydens Wits se biblioteekbrand in 1931, blyk dit "dat ons Wits nie op enige wyse tegemoet gekom het nie", dat aangevraagde hulp inderdaad geweier is. Einde April het die minister



***3.5.20***

***Minister Eric Louw – het ramptoneel besoek en as voorspraak vir die PUK opgetree by die minister van Onderwys.***

eers aandag aan die saak gegee, waarna dit weer met rektor Postma opgeneem is en met hom gereël is dat PUK vir £10 000 sou sorg, indien die staat £40 000 skenk. Hiervan sou £10 000 nog in 1949 beskikbaar wees, en die ander £30 000 in die boekjaar 1950/51.[70]


Iewers moes daar 'n misverstand ingesluip het, want op die PUK-kampus is aanvaar dat die regering die volle bedrag wat aanvanklik gevra is, naamlik £50 000, goedgekeur het. Skynbaar het die brief van die departement waarin die goedkeuring aangekondig is, nie die bedrag vermeld nie, en is in skrywes van sowel die registrateur as argitek AL Meiring aan die sekretaris van Onderwys is van hierdie veronderstelling, naamlik dat dit £50 000 was, melding gemaak,[71] Dit was eers nadat rektor Postma in Maart 1950 spesifiek hieroor navraag gedoen het, dat die situasie pertinent uitgespel is **(kyk insetsel, hiernaas).**

Personeel en studente het nie net op die toneel van die brand alles moontlik gedoen om te red wat te redde was nie, maar het ook agterna ywerig meegehelp om die biblioteek weer op die been te kry en wel deur betrokkenheid by veldtogte om steun in die vorm van geld en boeke te verkry.

Ironies genoeg: net soos die negatiewe bevindinge van die Van der Horst-kommissie in 1928 meegehelp het om die PUK in wyer kringe bekend te stel en daardeur sy ondersteuningsbasis baie verbreed het, net so het die brandramp van Februarie 1949 oor 'n wye front positiewe gevolge gehad.

Die openbare reaksie was oorweldigend: "Uit alle dele van die land, van oudstudente en vriende, van bekendes en onbekendes, het geldelike bydraes, sowel as boeke by die duisende ingestroom. Aan geldelike bydraes is ongeveer £8 000 ontvang", rapporteer bibliotekaris HC van Rooy.[72] En al betreur hy die gebeurtenis, het hy dit aanvanklik nie nodig geag nie, merk Dekker ook tereg op: "Die noodlottige brand in Februarie 1949 het die Biblioteek van die P.U.K. in die volle lig van die openbare belangstelling geplaas."[73]

Onder die boekeskenkings, selfs vanuit Suidwes-Afrika, Rhodesië en talle oorsese lande, was ook die hele boekery van die minister van Finansies, NC Havenga.[74] Van die kant van NUSAS, wat as studente-organisasie nou nie juis onder die grootste vriende van die ASB-georiënteerde PUK-studente getel het nie, is die strydbyle vir 'n wyle eenkant gesit in die aangesig van hierdie groot ramp wat die akademie in die algemeen getref het en is 'n dringende, landswye oproep ("national appeal") gedoen vir die skenking van alle soort biblioteekmateriaal. "This fire", sê president PV Tobias, "was a severe blow to one of our country's centres of learning and we feel it our duty to give every assistance to the College authorities and the students


25/3/50
TP 158/50
AANDAG ONDERSEKRETARIS
PROF POSTMA VERNEEM WAT DIE TOTALE BEDRAG IS WAT DIE STAAT VIR DIE BIBLIOTEEK BY POTCHEFSTROOM SAL BYDRA X VOLGENS KONSEPBEGROTING VIR 1950/51 IS TOTALE STAATSBYDRAE £40,000 X PROF POSTMA BEWEER £50,000 IS AAN HULLE BELOWE X STUUR OOK BETROKKE LEERS ASSEBLIEF X.

Sekr. (Kaapstad)
Nee prof. Postma het dit mis. Soos u sal opmerk uit mnr. Roberts se nota by vlaggie A is die saak destyds met prof. Postma persoonlik bespreek en het hy ingewillig om £10,000 te vind as ons 'n skenking van £40,000 gee. Mnr. Taylor het ongelukkig nie die spesifieke syfers in sy brief by vlaggie B genoem toe hy die Kollege verwittig het van die goedkeuring nie, maar hierdie oorsig affekteer tog nie die akkoord nie. Voorsiening in die begroting is dus gemaak vir £30,000 vir 1950/51 en £10,000 vir 1951/52 of tesame £40,000. 25/3

Prof Postma in kennis gestel. Universiteit sal moontlik Dept. later in die jaar nader vir verdere £10,000 indien dit nodig blyk.
29/3/50


*3.5.21*

***'n Skynbare misverstand, oor geldhulp van die regering.***
**(UOD- Argief: Memo E6/66/12A – TP 158/50)**

in replacing their grievous losses … **We sincerely trust that the public response will be worthy of the South African tradition of generosity**."[75]

Die Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging (NZAV) het onmiddellik nadat hulle van die brand verneem het, in sy maandblad *Zuid-Afrika* 'n oproep op lede en belangstellendes gedoen om boeke en ander biblioteekmateriaal te skenk. Talle persone en instansies het spontaan gereageer, verskeie groot biblioteke, uitgewersmaatskappye en ook akademici het hulle harte en hande oopgemaak en kosbare boeke en tydskrifte het gevolglik hul weg na die Potchefstroomse kampus gevind. Reeds teen die einde van Mei is 'n eerste besending waardevolle boeke na Potchefstroom verskeep. Die NZAV het ook bemiddel dat die skeepvaartmaatskappy Holland-Afrika Lijn die skenkings gratis vervoer.[76]

As getuie van "het warme hart dat het Zuid-Afrika toedraagt", het ambassadeur Jan van der Berg tydens die gradedagseremonie op 6 Maart 1950 namens talle instansies en persone vanuit Nederland 'n verdere boekeskenking gedoen. Hy verseker dat dit



***3.5.22***

***Nederland se ambassadeur in Suid-Afrika, mnr Jan van der Berg, het ook tydens die hoeksteenlegging van die nuwe biblioteek in Maart 1951 die woord gevoer en onder meer gesê dat sowel die Nederlanders as die Afrikaners kragtens hulle geskiedenis in diens staan van dieselfde geestelike ideaal.***



***3.5.23***

***Minister NC Havenga - het sy hele boekery aan die PUK geskenk.***

'n spontane gebaar is "en een zuivere uitdrukking van onze genegenheid, ik zou willen zeggen onze natuurlijke genegenheid tot het nog jonge land en volk van Zuid-Afrika". Hy spreek ook die hoop uit dat die boeke nie net tot verryking van die gees sal lei nie, maar ook tot voortdurende bevestiging van die vriendskap tussen die twee lande, tot heil van beide volke en lande en tot verinniging van die bande "die ons door verwantschap in afkomst en wijze van leven en niet het minst door onze talen tezamen binden". [77]


Aan PUK-kant was daar groot dankbaarheid, vanweë die kommersiële waarde van die skenkings "maar veral ook om die openbaring van simpatie wat daaruit spreek en om die morele steun wat dit vir ons beteken … des te meer omdat ons besef in watter moeilike ekonomiese omstandighede Nederland verkeer na die oorlog, en ons sien daarin 'n openbaring van die diepe gevoel van verwantskap en vriendskap wat daar nog altyd tussen ons twee volke bestaan."

Oud-Puk KD Venter, amperse Geskiedenisdosent aan die PUK en nou verbonde aan die Universiteit van Suid-Afrika, laat van hom hoor vanuit Pretoria: "Ons harte het gekrimp toe ons van die groot boekeramp verneem. Ek sal 'n klompie werke vir die Geskiedenisbiblioteek kan stuur, wat ek meen, Daan de Donner, met groot nut sal kan gebruik." [78] Dié "Daan de Donner" was natuurlik dr (later professor) DW Krüger, wat in 1937 as dosent in Geskiedenis aan die PUK aangestel is toe Venter self nie die aanstelling kon opvolg nie. [79]

Daar is nie teruggetrek hoofgebou toe nie, maar die biblioteek is tydelik ingerig in die ou LO-saal wat in hierdie tyd ontruim is. Reeds in April 1949 is studiemateriaal weer aan studente en dosente verskaf. [80]

Te midde van die onderhandelinge met die regering oor finansiering, is daadwerklike aandag gegee aan beplanning vir 'n nuwe, moderne biblioteekgebou, met een van die hoofvereistes dat dit **brandvry** moes wees. Hopelik sou fondse verkry word sodat vroeg in 1950 met die bouwerk begin kon word, sê van Rooy, en gebruik dan beeldspraak: "Soos 'n feniks rys die nuwe biblioteek uit die asse van die oue op, al lê sy vere voorlopig nog bietjie deurmekaar." [81] Die verskyning van hierdie feniks sou grootliks moontlik gemaak word deur die simpatieke oor wat die regering verleen het.

Argitek AL Meiring het die planne opgetrek, die kontrak is aan die firma Van Heerden en Johnson toegeken en op 17 Maart 1951, tydens die plegtige vieringe van die PUK se selfstandigwording, is die hoeksteen van die nuwe biblioteek gelê. [82]




***3.5.24***

***Argitekstekening van die nuwe biblioteek.***

## ONS KULTUUR-HISTORIESE MUSEUM


Vroeg in die twintiger jare is pogings in die werk gestel om 'n museum aan die P.U.K. vir C.H.O. op te rig. Die inisiatief het van mnr. J. V. Coetzee, onderwyser aan die Hoër Gimnasium, uitgegaan, en aanvanklik het hy hom ten doel gestel om artikels uit die Voortrekker-tydperk te versamel. Reeds in 1921 het hy daarin geslaag om deur middel van 'n trippens-kollekte van die leerlinge van die Hoër Gimnasium en studente van die P.U.K. 'n egte Voortrekkerwa, wat aan die Groot Trek deelgeneem en in die laer by Bloedrivier gestaan het, teen die geringe prys van £2/7/6 aan te koop. Hierdie Bloedrivier-wa, wat o.a. in 1924 Suid-Afrika op 'n Rykstentoonstelling in Engeland verteenwoordig het, is vandag nog een van die waardevolste besittings van die museum. Ruimte ontbreek om van al die ander waardevolle artikels melding te maak.

Weens gebrek aan 'n geskikte gebou moes die aantal versamelde artikels jarelank in een van die klaskamers gehuisves word. Tans het die Raad die ,,Oude Molen''-gebou opgeknap en ingerig om as museum diens te doen en is ook 'n kurator vir die doel benoem. Die idee is om dit as 'n kultuur-historiese museum in te rig, verteenwoordigend van beide die blanke en naturellekultuur in Suid-Afrika. Werksaamhede in die verband is in volle gang, en alle belangstellendes word vriendelik versoek om hierdie onderneming te steun. Alle artikels van kultuur-historiese belang sal met groot dank ontvang word.

*I. J. Meyer, Kolonel,*
*Voorsitter Museumkomitee.*

***3.5.25***

***Uittreksel uit Gedenkprogram 14-17, Maart 1951.***



### 3.5.6 Agter die skerms ...

‘n Klein groepie manne kon op die vooraand van selfstandigwording in Maart 1951 met genoegdoening en tevredenheid vir die gedenkbladfoto poseer: op hulle skouers het die instandhouding  van die steeds groeiende kampus gerus. Superintendent G Bosman (“Prof Bossie”) se naam sou in sy tyd al opgeteken word as een van die legendes van die PUK.

Met selfstandigwording in 1951 het prof GTS Eiselen só oor hierdie mense getuig: “ ‘n Besondere woord van waardering verdien ons terrein- en geboupersoneel, wat hulle geesdriftig met die PUK vereenselwig, hulle deel tot die groei van ons inrigting bydra en die terrein en geboue in orde hou en aantreklik laat lyk.”

As die geskiedenis van departemente, afdelings, institute, ensovoorts van die PUK eendag te boek gestel word, sal ook hierdie mense se belangrike rol in die daarstelling en instandhouding van die PUK se terreine en geboue verreken moet word.



***3.5.25***

***Personeel, Terreine en Geboue: Mnre G van der Walt (opsigter), IG Hattingh (terreinopsigter), H van der Walt, G Bosman (supt. terreine en geboue) GJ Swart (alg werksman).***